# DIE LAASTE SPREEKBEURT

Hier tussen die groen woude in die ooste van die Soutpansberg, tussen die diep skeure en skaduryke valleie van die berg, waar niemand die erf van sy buurman kan sien nie, het ons ʼn openbare kontrak gehad.

Ons het gemaklik geleef in ʼn heiligheid wat nooit eie aan ons aard was nie. Ons het vry asem gehaal in ʼn smetloosheid wat ons begeertes deursuur het. Ons het rustig geloop in ʼn onberispelikheid wat ons self vreemd aan ons eie drifte gevind het.

Ons almal.

Ook die diaken met die fraai goue ketting wie se hemp te ver oopgeknoop was. Ook die ouderling wat te veel vertroostend aan die dominee gevat het terwyl sy vrou se oë altyd dof verlangend gekyk het.

Nes al die ander.

Ouderlinge met spat-aartjies op die wange, diakens wat hulle self net buite die kerkgebou met eie woorde behoorlik kan uitdruk.

Mense wie se nederigheid in gebed nie altyd in hulle besittings wys nie, mense wie se sagmoedigheid in huisbesoek nie altyd in die spel van hulle kinders sigbaar is nie, mense wie se vriendelikheid min op die prys van hulle produkte verskyn.

Mense wie se vreugde in Psalms en Gesange nie altyd geleef het in die bitterheid oor die weer nie, mense wie se geduld met meerderes grimmigheid was in minderes, mense wie in vrede met ʼn buurman kan leef wat hy nodig het maar wie se stil vete teen eie familie ʼn gemeenskap lamlê.

Mense wie se getrouheid in intimiteit vasstaan én wie se losbandigheid met openbare belang ʼn gegewe is, mense wie se goedhartigheid aan ʼn behoeftige met kos én se gemeenheid aan ʼn weerlose in die skrum met ʼn rugbystewel ewe gekend is, mense wie die liefde van die eie kan koester én die haat vir die vreemde kan vertroetel.

Openlik kon ons een wees want ons het ooreengekom dat ons mekaar nie sal aanvaar soos ons is nie. Ons sal mekaar aanvaar soos ons aangeneem is, in ʼn ongekende, maar deurleefde keuse van Hom wat anders is.

Ons kon dit doen want hiér hoef ons nie meer te getuig het nie.

In die oop bosveldvlaktes aan die westekant van die berg en in die naak geskroeide mopanieveld agter die berg was dit anders. Hierdie is jagwêreld! Bloedwêreld! Hier moet mense nog getuig!

Dit was die ou jeugdominees wat dit reggekry het.

Hulle het die heimlikheid van die Roomse biegstoel omskep in ŉ passiespel op ŉ verhoog: sondes is nie iets wat as kind in die privaatheid gebieg word aan hulle wat jou in die binne-kamers van die parlement en die kantore van saketorings eendag stil herontmoet nie. Belydenis is ŉ openbare skouspel deur een op ŉ verhoog wat verteer word voor die verwagtende staar na ŉ nuwe lewe deur die massa.

Ek het dit nooit voorheen in die Ou Testament raakgesien nie, dat die priesters die regisseurs van die tempel se offerdramas was nie. Dit was iets wat ek in die kulture van die Andesgebergtes kon raaksien.

Hulle het dit eers eenkant in verenigings vir ander se kinders buite die kerk ingeoefen. Hulle het die leiers hand uitgekies en ingebreek: “God se vergifnis is gratis en verniet maar word eers ŉ krag as jy self ŉ voorbeeld word vir ander!”

Voor kinders is dit met kinders ingeoefen. Wat privaat is, moet oop. Wat eie is, word algemeen besit. Wat self is, moet in ŉ ander gevind word.

In een kinderoffer kan die krag van die gees onder ander kinders begin werk.

In die gloed van ŉ brose kinderpersoonlikheid wat versplinter, word ŉ nuwe priesterklas gebore. In die belydenis van wat nooit in ŉ kleingemoed gekend moes wees, is kinders nooit weer met kinders een nie. In die drome en visioene van die grotes het hulle solidariteit met die magtiges gevind.

Dit was die ou jeugdominees wat die kinders uit hulle ouerhuise gevat het om vir hulle op die strate van Hillbrow te gaan getuig.

“Jy moet vir die Here getuig as jy werklik deel van die krag van die gees wil wees” sê die jeugdominee. “Jy kan net getuig as jy self ŉ intieme ontmoeting gehad het.” Ons moet eers hierdie intieme ontmoeting ken voordat ons straat toe kan gaan.

Hy wys hoe die offer eers keelaf gesny moet word: “Ek het altyd gedink ek was ŉ kind van die Here, maar ek was nooit regtig ŉ kind van die Here nie.” Na die skok van hierdie snit in wilde oë wys, moet jy eers die bloed laat uitloop met jou hand styf op die kop om berusting te gee: “Maar hy het ŉ wonderlike plan vir my lewe gehad. Hy het vir my die geheim van ware lewe gegee.” Dan kom die vinnige kap wat onthoof: “ Voor jy nie erken dat jy ŉ verlore sondaar is nie, kan jy nie gered word nie.” Die vel word afgehaal met ŉ volle deursnit: “Jy moet eers jou sondes

almal openlik bely voor God jou kan vergewe.” Die binnegoed moet eerste uit: “Het jy al jou hart en jou lewe vir God gegee?” Dan word elke deeltjie stukkie vir stukkie opgekerf: “Jy moet bely alles wat jy kan onthou! Wanneer het die begeertes in jou gedagtes begin? Watter drifte het in jou lyf begin woel? Wat het jy met jou hande gedoen? Wat het jy met oë gedoen, jou bene gedoen, jou voete gedoen?”

In hierdie versnyding kom die belofte van ŉ vulsel in die plek waar alles leeggekrap is: “As jy saam met my innig bid sal jou lewe vervul word met dieselfde gloed wat uit my uitstraal en sal jy self niks meer wees nie”

Vervul met hierdie bloedgedagte het die nuwe priestersorde kinderdissipels in die nou donker agterstrate van Johannesburg tussen bordele, klubs en kroeë ingestuur vir die toekoms van die kerk.

Dit het net sommer eendag gebeur nadat hierdie kinders die leiers geword het. Die kansels waarop sondaars deur die Woord heiliges verklaar word, het nie genoeg plek vir hierdie nuwe offers gehad nie. Dit moet uit. Dit moet plek maak. ŉ Verhoog word opgerig. Elkeen moet na vore kan kom. Elkeen moet gesien kan word. Elkeen sal wil sien hoe dit gebeur. Almal moet dit doen.

Die bemagtigde leiers van die kerk sit bo op die verhoog. Dis sinode.

Party onder in die gehoor probeer nog dit wat skaamte is, skaam te hou. “Elkeen kry ŉ spreekbeurt, vyf minute lank.” sê die voorsitter. “Die laaste spreekbeurt kry die ou jeugdominee op die verhoog.” sê die voorsitter.

In vyf minute word van die mikrofoon onder van die vloer af verseker dat dit geen oordeel is nie. In vyf minute word onder die verhoog gepleit om saam sondaars te bly. In vyf minute word gevra dat die hierdie skeiding ons gespaar mag bly. In vyf minute word gewys dat ons net saam gebroke vir mekaar behoue kan bly. In vyf minute word gesmeek dat ook hulle die voorreg van sonde in verborgenheid mag behoue bly.

Maar dit was reeds in komitee vir jare vas verseël. Hulle kan nie meer deel van ons wees nie. Hulle moet sondeloos verklaar word.

Die ou jeugdominee kry die laaste spreekbeurt.

Hy staan by die mikrofoon bo op die verhoog. Met hande verhef tot die hemel roep hy met ŉ oerkreet dit wat heimlik is op in die kollig van die ganse wêreldmedia: “My seun is gay!”

In ŉ goedontwerpte drama in ses bedrywe roep hy die ganse kerk op die verhoog om rondom hom en sy seun te kom staan.

In die eerste bedryf word begenadigdes tot Skrifgeleerdes verdoem: “Dis julle wat my kind met klippe wil gooi! Kom doen dit! Kom gooi my seun met klippe! Dis mos julle wat hierdie teks uit die Ou Testament wil optel!”  In die tweede bedryf word sondaars wat vashou aan God se goedheid opgeroep as Fariseërs wat mense in hul andersheid tot sondaars veroordeel: “Wat moes ek vir my seun in sy weerloosheid sê, jy is ’n sondaar? Dis wat julle van my eis!” In die derde bedryf word gelowiges wat na God se wil in hulle eie sondigheid soek, verteken tot die harteloosheid van siniese Sadduseërs: “Moes ek my seun in sy rou verstoot na ’n sielkundige toe om te verander vir aanvaarding?” In die vierde bedryf verskyn hyself as die barmhartige vader wat sy seun omhels teen die wreedheid van die kerk van die Here. In die sesde bedryf is hy die nuwe hoëpriester. Wie sal vergewe word van hulle harteloosheid teenoor hierdie seun? Net hulle wat op die verhoog vir hom in sy eensaamheid oor sy kind kom vertroos met ’n omhelsing.

Terwyl die drama toneel vir toneel ontvou is my hart koud benoud vir die mees eensaamste in ’n kind. Is hy vanaand alleen as hy gaan hoor hoe hy uit die veiligheid van gesigloosheid geruk is? Wie kan hierdie boodskap bring? Het hy geweet dis wat met hom gaan gebeur?

Stil bid ek die Here: “Wees met hom as dit tref hy is openbare besit in dit wat net vir ’n vader bedoel was.”

In hierdie benoudheid ontspring ’n nog dieper angs. Na wie se getuienis luister ek?  Is hierdie drama saam uitgewerk met vooraf goedkeuring? Kan ’n kind se instemming hiervoor gevra word? Kan ’n kind hierdie plig op ’n ouer lê? Wie is die regisseur?

Stil bid ek die Here die keer vir sy kerk: vir hulle wat in ’n nuwe binne-innigheid ’n woede lag vir hulle wat nou skuldig gereed staan om geoffer te word voor hulle eie Meester.

Dit was twintig minute.

Terwyl mense rou-stukkend in hulle stoele bly sit, klim al die bemagtigde leiers op die verhoog om vergifnis in ’n innige omhelsing te ontvang.

Verward wonder ek of ek die enigste een is wat die blink flits van die mes in die slagting gesien het.

Hoe kan die een wat onskuldig verklaar word geoffer word? Hoekom het die priester wat slag vertroosting nodig? Dis die lam wat hortend hyg vir asem! Is Abraham nie vir ons die vertroosting dat ons dieselfde gespaar sal bly vir wat hy in gehoorsaamheid met Isak moes doen nie?

Vra die voorsitter of emosionele teistering ŉ manier geword het om ŉ vergadering aan te spreek. Hy maak my stil. Dit was vir hom mooi.

Dit was die laaste spreekbeurt.

ŉ Rukkie later klim nog ŉ ou jeugdominee op die verhoog. Hy het ŉ nuwe visie vir die kerk: ons is nou ŉ liggaam! Hy beroep hom op die nuwe styl van die kerk ter vergadering en ek voel ŉ ligte bries van afguns oor wat voorafgegaan het.

Die kerk moet sy siening oor gemeentes aanvaar omdat hy die lyk van sy seun in ŉ lykshuis laat een aand moes gaan opeis het. Omdat sy dooie kind ŉ liggaam was, moet ons kies om anders gemeente te wees as voorheen.

Ek kan niks meer in vergadering sê nie. Ek het nie ŉ dooie, verminkte, gebroke, geknelde kind wat ek vir die vergadering kan offer vir my siening oor hoe ons begenadigdes is of gemeentes moet bestuur nie.

Die een gesonde een wat ek het, het ek te lief om só vir God te gee.

Ek sit voor haar. Ons is weer tussen die groen woude van die berg. Die sinode by die oop blou see is verby.

Ons is nie meer saam nie. Sy is bemagtig. Een voorbeeld was genoeg om die krag van hierdie gees te laat werk. Sy roep my tot verantwoording. Ek moet my naïwiteit en skuld verklaar oor my geloof dat sonde, sonde en ons saam heilig is.

Ek wou my beroep op my mede-kennis van alles wat die wetenskap bewys. Maar ek het nie meer ŉ spreekbeurt nie.

Die kreet uit die Suide by die see het die kontrak in die skuiltes van die berg in die Noorde gebreek.

Ek moet haar nou aanvaar vir wat sy self nou openlik is. Stil dink ek aan agt-en tagtig se brand wat alles so oop en weg gebrand het hier in die berg. Ek kan haar nie só aanvaar soos sy openlik is nie. Dis ŉ kontrak waarin almal en elkeen tog alles moet wys. Hoe kan daar ŉ kontrak wees waarin net een mag wys? Ek is te skaam om myne te wys en die seer van Hillbrow het nooit genees nie. Ek wil nie hierdie vertoning vir my lidmate as openbare spel regverdig sodat hulle elkeen hulle s'n ook moet wys nie. Ek ken die minagting van die wat kyk as jy wys. Ek kruip weg in die openlikheid van Hom wat my bedek en probeer haar ook intrek in hierdie beskutting.

Die krag en drif van die Suide is te sterk. Dit het bemagtig. In die Noorde probeer ek wys op onmag.

Toe bid ek maar stil oop oë.

Here,

gee dat in die omhelsing waarin twee rondtas in dit wat nooit een kan word nie,
gee dat in die swaar steun in ’n ander vir wat self moes wees,
gee dat in die suigkrag waarin alles niks word nie,
gee dat in die verwringing daarvan wat nooit sal pas nie,
gee dat in die gebrokenheid wat nou in die glans van starendes heel geleef moet word,

U die Vader sal wees in die geslote veiligheid van ’n donker binnekamer.

Die moderator van die streeksinode sluit die openbare bespreking oor homoseksualiteit af met die voorstel dat ons met die volgende sinode ’n gay lidmaat op die verhoog moet sit om ’n persoonlike gesprek met ’n dominee op die verhoog te voer voor die sinode.

Hierdie intieme ervaring sal die sinode krag gee.

ds.PJ Kriel